# HOOFSTUK VI.

## ONDERWYS ONDER DIE WITWATERSBERGSE SKOOLRAAD: 1908-1939.

### 1. Die Smuts-onderwyswet van 1907.

#### (a) Voortbouing op die beginsels van lord Selborne.

Die Sargant-wet van 1903 was van die owerheid afkomstig en op suiwer Britse lees geskoei. Die Selborne-wet van 1905 het egter uit die tydsomstandighede ontwikkel. Selborne moes met die C.N.O.-beweging rekening hou. Hy het dus gestrewe om met „Het Volk" saam te werk om sodoende die wet so aanneemlik te maak vir die C.N.O.-beweging dat die C.N.O.-skole bereid sou wees om by die staatstelsel in te skakel. Met die verlening van 'n mate van ouerseggingskap, deur adviserende skoolkommissies en skoolrade, en met die erkenning van die beginsel van moedertaalonderwys het hy gemeen om die medewerking van beide seksies van die bevolking te verkry. Hierin is hy egter teleurgestel daar beide volksgroepe sy memorandum gekritiseer het[1].

Generaal J.C. Smuts wou met sy Onderwyswet, wat op 1 Oktober 1907 van krag geword het[2], 'n nasionale onderwysstelsel skep waarmee hy beide bevolkingsgroepe kon bevredig, rasseversoening bewerkstellig en een nasie opbou[3]. Dit wou behou wat goed was in die bestaande Britse stelsel, en die C.N.O. sy regmatige plek laat kry. In werklikheid was dit 'n voortbouing op die beginsels van lord Selborne, het dit die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys gehandhaaf en die Afrikaanse beginsel van C.N. Onderwys verwerp

„en wel ten opsigte van die grondreg

---

1. Snyman: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, 235 - 238.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.
3. Snyman: a.w., 241 - 247.

> van ouers om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal en om die onderwyser vir hulle kinders se onderwys aan te wys en ook ten opsigte van die grondvereistes van die Afrikaanssprekende bevolking betreffende die taal- en godsdiens-onderwys"[1].

Die nuwe wet is deur baie verwelkom. Die Krugersdorp Standard het dit in 'n hoofartikel aangeprys:

> „Mr. Smuts has obtained the practically unanimous approval of the country for his Educational Bill .... The bill is built on modern lines, doubtless after a careful study of the educational acts of many other countries ... The claims of both English and Dutch receive due recognition. The former language is to be compulsory, the latter to be optional, but full provisions are to be made for its use and careful teaching ... Education will henceforthe be compulsory"[2].

Van Gereformeerde kant is die Wet egter heftig bestry[3]. Die beginsel van verpligte skoolbesoek is deur almal toegejuig, maar oor ander beginsels, onder andere gratis onderwys, was daar groot meningsverskil[4]. Nieteenstaande die teenkanting is Wet No. 25 van 1907, met kleinere wysigings en aanvullings, tans nog die geldende wet op die gebied van onderwysaangeleenthede[5].

b) Godsdiensonderrig.

Artikel 34 bepaal dat die skooldag geopen sal word met gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel.

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98 - 99.
2. The Krugersdorp Standard, 29.6.'07.
3. Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal, 33 - 66.
4. Snyman: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, 251 - 252.
5. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.

Nie-verpligte onderrig in die Bybelse geskiedenis moet gegee word deur 'n personeellid van die skool, en geen leer of dogma aan enige godsdienstige gemeente of sekte eie mag onderwys word nie[1].

c) Voertaal.

Artikels 30 tot 33, wat mettertyd gewysig is, het bepaal dat tot en met standerd 3 die moedertaal die medium van onderrig sou wees. In Hollandsmediumskole moes Engels geleidelik ingevoer word. Kennis en vordering in Engels het 'n vereiste vir bevordering gebly. Na standerd 3 kon Hollands as medium gebruik word in nie meer as twee vakke nie, terwyl Engels dan verpligtend sou wees. In Engelsmediumskole moes Hollands onderrig word tensy die ouers daarteen beswaar gehad het. Elke kind mag dus Hollands geleer het maar móés Engels leer[2].

d) Ouerseggingskap.

Hoofstuk lX (artikels 38 tot 73) gee uitvoerige bepalings in verband met die plaaslike bestuur van skole. Hiervolgens verkry ouers 'n mate van seggingskap deur adviserende skoolrade en skoolkommissies. Elke distrik kry 'n skoolraad, wat mag bestaan uit ses, nege of twaalf lede, van wie twee-derdes gekies en een-derde benoem word, en elke skool 'n skoolkommissie, wat uit minstens vyf en hoogstens sewe lede bestaan.

'n Skoolraad, wat gekies word deur die stemgeregtigde burgers van die distrik, hou toesig oor die skole in sy distrik, dien die Departement van advies in sake die oprigting van skoolgeboue, die sorg van skoolgeboue, die aanskaffing van skooltoebehore en so meer, behandel aansoeke

---

1. Malherbe: Education in S. Africa, 341.
   Coetzee: Onderwys in Transvaal, 102.
2. Malherbe: Ibid.
   Coetzee: Ibid.

om vakante poste aan skole en oorweeg sake wat deur skoolkommissies ingedien is.

Skoolkommissies, wat gekies word deur die skoolouers, bring sake wat die welsyn en werksaamhede van die skool raak, onder die aandag van die skoolraad, sorg dat die skoolgebou en toebehore behoorlik onderhou word, doen aanbevelings in verband met die benoeming en ontslag van onderwysers en bevorder 'n goeie verhouding tussen huis en skool.

By artikel 73 word bepaal dat die Minister 'n bestuurende of beherende liggaam kan instel vir enige inrigting wat nie onder die beheer van 'n skoolraad staan nie[1].

Volgens die bepalings van die Wet is daar in die begin van 1908 twee skoolrade in Krugersdorp saamgestel: die Witwatersrand-Wes-Skoolraad, met twaalf lede, vir die Wes-Rand en die Witwatersbergse Skoolraad, met nege lede, vir die plattelandse gebied.

2. Die Witwatersbergse Skoolraad.

a) Stigting.

Teen die einde van 1907 is skoolraadslede verkies en benoem, en op 7 Januarie 1908 het die Witwatersbergse Skoolraad, in ooreenstemming met Staatskennisgewing No. 1412 van 1907, hul eerste vergadering gehou in die kantoor van die Publieke aanklaer op Krugersdorp. Die waarnemende Assistent-Residentmagistraat, H.G.S. Pienaar, het die vergadering geopen deur omsendbrief No. 1330 van die hoof van die Onderwysdepartement, gedateer 4 Januarie 1908, te lees.

Die vergadering het gekonstitueer en P.J. Wannenburg tot voorsitter en N.J. Scheepers tot ondervoorsitter benoem. Die ander lede van die Raad was T.C. Hinds,

F

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 103.

J.P. Furter, J. Jennings, O.A. Oosthuizen, H. Alberts, C.H. Hendrikz en E. Mowbray.

Dertien aansoeke is ontvang om die pos sekretaris-tesourier, en T.S. Rhodes is as sodanig benoem[1].

Die Skoolraad het maandeliks vergader en het reeds op die derde vergadering besluit dat die notule van vergaderings in Hollands gehou moes word[2].

Voorsiening is gemaak vir 'n skoolbesoekbeampte, en O.A. Oosthuizen is as sodanig benoem[3]. Hy het later veldkornet geword, en E. Nel is in sy plek aangestel[4].

Hoewel die Witwatersbergse Skoolraad hul sittings in Krugersdorp gehou het, was die skole wat hulle beheer het, almal op die platteland. Op 'n paar uitsonderings na was al die skole in die Krugersdorpse distrik geleë en wel teen die suidelike hange van die Magaliesberg in die Moot en

> „scattered over the stretch of country lying between the three parallels formed by Witwatersrand, the main line of rail Krugersdorp-Bank and the branch line Thornton-Canada Junction"[5].

b) <u>Samestelling van Rade.</u>

Die tweede Witwatersbergse Skoolraad het sy eerste sitting gehad op 15 Julie 1910, P.J. Wannenburg het voorsitter en N.J. Pretorius die ondervoorsitter gebly[6].

Die derde Raad se termyn het op 17 Julie 1913 begin. Publieke aanklaer Wannenburg het voorsitter gebly, en die ander lede was J.P. Furter (vise-voorsitter), H.A. Alberts, B.A. Kloppers jnr., [illegible] Alberts, J.W. Oosthuizen,

---

1. Argief Witwatersrand-Wes-Skoolraad. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 7.1.'08.
2. Ibid., 26.2.'08.
3. Ibid., 28.10.'08 en 25.11.'08.
4. Ibid., 27.10.'10.
5. T.O.D. Jaarverslag 1908, 80.
6. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 10.7.'10.

F.S. Mulder, A.J.G. de la Rey en N.J. Pretorius. In Oktober 1915 het Wannenburg sy bedanking ingedien en is hy in die voorsitterstoel opgevolg deur N.J. Pretorius[1].

Na die verkiesing van die vierde Skoolraad het T.C. Stoffberg die voorsitter geword. Op die vyfde Raad het gedien: T.C. Stoffberg (voorsitter), W.C. Brink (ondervoorsitter), F.S. Mulder, C.F.T. Hendrikz, A.H. Heunis, C.P. du Plessis, W.J. Botha, J.J. Mostert en W.M. Edwards[2].

Onder die bekwame leiding van T.C. Stoffberg, oud-inspekteur van onderwys en lid van die Uitvoerende Komitee, wat tot 1926 voorsitter van die Raad gebly het, het die Witwatersbergse Skoolraad baie goeie werk kon verrig.

Teen die einde van 1919 het sekretaris T.C. Rhodes weens swak gesondheid sy bedanking ingedien[3] en is hy opgevolg deur J.S. du Toit[4] wat to by die einde van 1935 die sekretaris van die Raad gebly het[5]. Vanaf 10 Desember 1920 is die raadsnotule in Afrikaans geskryf.

In 1922 het die Departement gereël dat daar voortaan net ses lede op die Witwatersbergse Skoolraad sou dien[6]. Om op die sesde Raad te dien is gekies en benoem: T.C. Stoffberg (voorsitter), H.A. Alberts (vise-voorsitter), D.C.P. Brink, A.J. de la Rey, J.J. Mostert en F.S. Mulder[7]. In 1923 is H.A. Alberts oorlede en het M.H.O. Kloppers sy plek ingeneem as skoolraadslid[8].

Hierdie Raad het by sy sittings alle partygeskille opsygestoot en sover in hulle vermoë was, die belange van

---

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 28.10.'15.
2. Ibid., 25.7.'19.
3. Ibid., 28.11.'19.
4. Ibid., 9.1.'20.
5. Ibid., 29.11.'35.
6. T.O.D. Jaarverslag 1922, 11.
7. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 28.7.'22.
8. Ibid., 30.11.'23.

die distrik probeer bevorder.

Op die sewende Raad het gedien C.M. v.d. Westhuizen (voorsitter), F.S. Mulder (vise-voorsitter), A.J. de la Rey, L.P.R., J.J. Mostert, O.A. Oosthuizen en T.C. Stoffberg, L.U.K. Laasgenoemde het in die middel van 1928 uit die distrik vertrek, sy bedanking ingedien en is opgevolg deur MH.O. Kloppers[1].

Ten einde 'n goeie samewerking tussen die Raad en skole te bevorder het die Raad in Augustus 1928 met die hoofde van skole en skoolkommissies in die Krugersdorpse Stadsaal gekonfereer in verband met skoolaangeleenthede en tot verskillende besluite geraak wat die onderwys sou bevorder[2].

Op die agste Raad het gedien: M.H.O. Kloppers (voorsitter), J.J. Mostert (ondervoorsitter), L.C.J. Bootha, A.J. de la Rey, F.E. Fourie en S. van Wyk le Roux[3]. By die volgende Raadsverkiesing is Mostert en Fourie vervang deur F.S. Mulder en J.P.S. du Toit[4]. Op die tiende Raad het gedien A.J. de la Rey (voorsitter), S. van Wyk le Roux (vise-voorsitter), L.C.J. Bootha, J.L. Celliers, J.P.S. du Toit en F.S. Mulder[5].

Op 1 Julie 1936 is die kantoor van die Witwatersbergse Skoolraad verskuif na die provinsiale gebou in Boshoffstraat en het beide skoolrade van Krugersdorp gevolglik onder een dak gekom[6].

c) Werksaamhede.

(i) Laerskoolbeurse.

Die Departement van Onderwys het kwartaalliks

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 3.8.'28.
2. Ibid., 11.8.'28.
3. Ibid., 6.8.'30.
4. Ibid., 31.8.'34.
5. Ibid., 30.7.'37.
6. Ibid., 1.7.'36.

'n bedrag aan die Skoolraad beskikbaar gestel om as beurse toegeken te word. Hierdeur is behoeftige leerlinge wat buite die bereik van 'n skool gewoon het, in die geleentheid gestel om 'n skool te besoek. Twee tipes beurse is toegeken: vervoerbeurse, wat aanvanklik gemiddeld op 4d. per skooldag te staan gekom het, en losiesbeurse, wat gemiddeld 9d. per skooldag bedra het[1].

'n Aansienlike aantal leerlinge het buite die drie myl-radius van 'n skool gewoon, en hoewel die beurse wat toegestaan is maar gering was, het die Raad tog aansienlike bedrae betaal. In 1922 byvoorbeeld was die toewysing vir hierdie doel £1700[2]. Na hierdie jaar het geld skaars geword en is die toewysings ingekort. In 1923 is dit met 25% besnoei en is aan die Raad vir die tweede helfte van die jaar slegs £565. 2. 6 toegeken[3]. In 1926 en 1927 het verdere inkortings plaasgevind en was die Raad genoodsaak om die vervoer- en losiesbeurse vanaf die tweede kwartaal 1927 te verminder na 2d. vir vervoer en 6d. vir losies per skooldag[4]. In 1929 is die toewysing verminder na £970[5]. Die inkorting van die toewysing vir laerskoolbeurse nieteenstaande die bevolking gegroei het, het tot proteste van die Raad gelei. Op die konferensie wat deur die Skoolraad, hoofde van skole en skoolkommissies gehou is op 11 Augustus 1928, is besluit dat:

(a) die toewysing vir Witwatersberg weer £1700 moet wees soos in 1922;

(b) die toewysing steeds moet vermeerder namate die aantal beursleerlinge vermeerder as gevolg

1. T.O.D. Jaarverslag 1911, 11.
2. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 11.8.'28.
3. Ibid., 27.6.'23.
4. Ibid., 27.5.'27.
5. Ibid., 22.2.'29.

van die bevolkingsgroei;

(c) die vermindering van die beurstoewysing 'n ongesonde toestand skep;

(d) afkeuring uitgespreek word oor die kommissierapport van 1924, wat die donkiestelsel en 'n vermindering van die toewysing aanbeveel.

Aan die begin van 1929 het die Raad weer besluit om by die Departement te protesteer teen die handelwyse van die Uitvoerende Komitee om die laerskoolbeurse herhaaldelik te verminder, omdat dit

> „sal strek tot agteruitgang van die afdeling Witwatersberg, aangesien dit noodsaaklik is dat doeltreffende transportmiddels sal verskaf word ten einde te verseker dat die groot aantal Sentraal skole wat ooreenkomstig die gedragslyn van hierdie Raad gedurende die laaste twee-en-twintig jaar gestig is behoorlik gehandhaaf en beskerm word" [1].

Van die 1815 leerlinge wat in Junie 1930 die skole in die gebied van die Witwatersbergse Skoolraad besoek het, het 296 transportbeurse en 35 losiesbeurse ontvang, terwyl ongeveer 53 met goewermentsesels vervoer is. Teen hierdie tyd het twee skole reeds oor motorvervoerskemas beskik[2]. Die Raad se beleid van sentralisasie en motorvervoer het hierna vinnig veld gewen en groot toewysings vir beurse het al minder noodsaaklik geword.

(ii) Donkievervoer.

Ten einde uitgawes aan vervoer te bespaar het die Raad so vroeg as in 1910 reeds besluit om hul toevlug tot donkievervoer te neem. Hierdie tipe vervoer was op die duur veel goedkoper as die gewone

> „omdat de beurs tegen 4d. per dag in ongeveer twee jaar de prys uitmaakt

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 28.3.'29.
2. Ibid., 27.6.'30.

van een ezel"[1].

Op hul vergadering van 26 Mei 1910 het die Raad besluit:

> „Dat de Secretaris aanvraag doet voor eene toelage van £200 voor de inkoop van donkeys en van de applicanten uitvind welke donkeys willen hebben en of deze genegen zijn karren en tuigen te verschaffen en de vereischte securiteit te teekenen".

Vroeg in 1911 is besluit om aansoek te doen om 'n verdere toelaag van £400 vir die aankoop van esels. Die aankoop en verdeling van esels is opgedra aan raadslede B.A. Kloppers jnr., J.P. Furter en A.J. de la Rey[2]. Die pryse wat vir esels betaal is het gewissel van ongeveer £3 tot £8 stuk[3].

Na die amptenare van die Departement van Onderwys, Malherbe, Cullen en Pocock in 1913 die Raad ontmoet het om te besluit oor donkievervoer of kontant betaling vir die vervoer van skoolkinders[4] is besluit om 'n toereikende bedrag geld aan te vra om 240 esels te koop en by voltooiing van sodanige aankope kontanttransportbeurse te staak[5].

Die vervoer met esels het geen voordeel vir die onderwys gebring nie. In 1914 het inspekteur Stoffberg gerapporteer dat die vervoer van leerlinge met donkies hulle vordering gestrem het. Die wat die verste gereis het, was gewoonlik die swakste in hulle klas, omdat hulle reeds vermoeid by die skool aangekom het en in die middag doodmoeg

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1911, 11.
2. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 19.1.'11.
3. Ibid., 23.2.'11. 2 Esels is aangekoop teen £14.
   26.6.'11. 54 Esels is aangekoop teen £297.10.0.
   19.1.'14. 19 Esels is aangekoop teen £144.10.0. en 7 vir £54.
4. Ibid., 7.7.'13.
5. Ibid., 28.8.'13.

en sonder eetlus tuisgekom het met weinig of geen moed en lus vir hulle huiswerk nie[1].

Donkievervoer was ook nie lonend vir kontrakteurs nie: dit het 'n man 'n hele dag geneem met 'n wa en 'n span donkies om slegs 7/6 te verdien, en boonop was dit pynlik stadig[2].

Die donkieskema het al hoe ongewilder geword, en in die middel van 1926 het die voorsitter van die Raad aanbeveel dat dit afgeskaf sou word. Op hierdie stadium is daar nog ongeveer 100 leerlinge vervoer met goewermentsvervoer onder die donkieskema en 308 deur middel van private vervoer wat die Provinsie ongeveer £1000 per jaar gekos het[3].

Die Raad het sterk geagiteer vir motorvervoer en vroeg in 1929 goedkeuring van die Departement verkry dat motorvervoer onder sekere omstandighede ingestel kon word. Die Raad was baie ingenome met hierdie goedkeuring en het aan die Kommissie van Ondersoek in verband met motorvervoer geskryf dat

> „wat betref die distrik van Krugersdorp dit wenslik is dat alle bestaande soorte van Goewermentsvervoer van kinders in die afdeling van Witwatersberg so spoedig moontlik sal vervang word deur motorvervoer"[4]

en benadruk dat 'n aansienlike besparing teweeggebring kon word deur sentralisasie[5].

(iii) Sentralisasie en motorvervoer.

Die Witwatersbergse Skoolraad het van sy eerste sitting af 'n sterk standpunt ten gunste van sentra-

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1914, 119 - 120.
2. Nooitgedacht 88-skool: Skoolblad 1951, 2.
3. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 29.5.'26.
4. Ibid., 28.2.'30.
5. Idem.

lisasie ingeneem. Op hul eerste vergadering is 'n sub-komitee benoem om sentralisasiemoontlikhede te oorweeg en 'n sentrale plek uit te soek waar 'n skool opgerig kon word om die plase Rietvlei, Rietfontein en Driefontein te dien[1]. Op die tweede vergadering het die komitee verslag gedoen en is goedkeuring verleen aan die aanbevelings om sentrale skole met meer as honderd leerlinge op te rig te Rietvlei No. 89 (Muldersdrift), Roodewal No. 66, Kromdraai No. 71, Hartebeestfontein No. 118, Doornspruit No. 99, Hekpoort No. 122 en Blaauwbank No. 104. Verder is dit besluit dat sentrale skole met meer as honderd leerlinge opgerig moes word[2]:

(a) te Kaalfontein No. 105 vir Koesterfontein 108, die suidelike gedeelte van Blaauwbank 104 en Hartebeestfontein 702 (distrik Rustenburg);

(b) op 'n sentrale plek wat deur die kinders van Houtkopjes 33, Eigendom 12, Doornfontein 39, Holfontein 35, De Pan 38, Witfontein 29, Vogelstruisfontein 36 en Uitvalsgrond 34 besoek kon word;

(c) op 'n sentrale plek om in die behoeftes te voorsien van die bewoners van Brandvlei 21, Elandsvlei 23, Groenplaats 125 en Vlakplaats 20;

(d) op die dorpsgebied Kocksoord, wat ook besoek kon word deur skoolkinders van Hartebeestfontein 22, Droogheuvel 7 en Middelvlei 6.

Sentrale skole is nie op die ouers afgedwing nie, maar alle pogings is aangewend om die nodige samewerking te verkry. Op sy vergadering van 26 Mei 1910 het die Raad weer 'n subkomitte benoem om die ouers en ander belanghebbendes op die plase Sterkfontein 68, Sterkfontein 70, Zwartkrans 67, Hillside 110, Dwarsvlei 66 en Hartebeest-

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 7.1.'08.
2. Ibid., 29.1.'08.

hoek 112 te ontmoet in verband met die oprigting van sentrale skole in daardie omgewings.

T.C. Stoffberg, die inspekteur van Hollands, was na sy inspeksiereise in 1909 die mening toegedaan dat sentralisasie nog nie ryp was nie en die skool na die kind gebring moes word, sodat die kinders soggens en saans met die boerdery kon help[1]. Sy bevinding was dat waar die skool naby die ouerwoning was, die kinders langer op die skoolbanke gebly het as wanneer hul ver na skool moes gaan. Sy sienswyse was dat

> „wanneer de nodige belangstelling door de school met een onderwijzer opgewekt is, zal't volk als van zelf verzoeken om centrale scholen voor hoger opleiding van hun kinderen"[2].

In 1912 was sy bevinding dat oordrewe sentralisasie die goeie vordering van onderwys op die platteland strem[3].

Inspekteur Corbett het weer met die Raad saamgestem dat daar te veel klein skooltjies was en dat skooltjies wat naby mekaar geleë was, moes saamsmelt. So byvoorbeeld was net 'n brug oor die rivier nodig om die skooltjies op Bultfontein 120 en Hartebeestfontein 118, wat minder as 'n myl van mekaar was, te laat amalgameer. Sy bevinding was ook dat die geboue van baie van die klein skooltjies heeltemal ondoeltreffend vir onderwysdoeleindes was. Sentralisering sou beter skoolgeboue meebring[4]. In 1909 het hy gerapporteer dat

> „the Witwatersberg Board has fought the good fight of centralization, central schools have been established at Kromdraai and Hekpoort and similar buildings are in course

1. T.O.D. Jaarverslag 1909, 102.
2. Ibid., 1910, 156.
3. Ibid., 1912, 240.
4. Ibid., 1908, 81 - 82.

> of construction at Roodewal and Mulders-
> drift"[1].

Waar gesentraliseerde skole opgerig is, is ook onderwysers-wonings gebou[2].

Direkteur Adamson was ten gunste van sentralisasie en was van mening dat

> „it is by the extention of transport and boarding facilities and by the size of schools, and not by any unnecessary increase in the number of schools, that the difficulties in the way of the education of the children in country districts will be overcome"[3].

Groter skole het vir hom baie voordele ingehou, want 'n skool met drie onderwysers was vir hom meer as driemaal soveel werd as 'n eenmanskool[4].

Die sentrale skool New Thorndale wat in 1916 geopen is om die plek van die Doornspruit- en Doornkloof-skole in te neem[5], kon maar nie bloei nie, omdat die voedings-area topografies ongeskik is vir 'n digte bevolking. Die skool is later na Hekpoort gesentraliseer[6].

In 1924 is Nietgedacht geamalgameer met Nooitgedacht 88[7].

Sentralisasie het in werklikheid eers vanaf 1930, toe die Raad hom ten gunste van motorvervoer uitgespreek het, 'n sukses geword[8]. In 1924 is reeds 'n motortransporttoelae betaal. Dit het egter slegs 10d. per myl bedra[9].

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1909, 87.
2. Idem.
3. Ibid., 1909, 5.
4. Ibid., 1910, 24.
5. Ibid., 1916, 127.
6. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 148.
7. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 25.7.'24.
8. Ibid., 28.5.'37.
9. Ibid., 29.2.'24.

Pionierswerk in verband met motorvervoer is gedoen deur Nooitgedacht 88-skool. Die hoof, J.L. van der Berg, het geen gras onder sy voete laat groei om motorvervoer ingestel te kry nie. Met 'n skrale toelae van 'n trippens per kind per dag het hy motorvervoer by sy skool ingevoer. Deur middel van 'n konferensie van skoolraad en skoolkommissie en 'n beskrywingspunt op die kongres van die Transvaalse Onderwysvereniging het hy steun verkry vir sy ideaal; druk is op die Departement uitgeoefen, en mettertyd is ses pennies per kind per dag toegeken[1].

Teen die einde van 1929 was die motorvervoerskema van Nooitgedachtskool reeds 'n sukses en in 1930 het die van Muldersdrift ook bygekom[2]. In Julie 1931 is die Nooitgedacht 121-skool met behulp van motorvervoer na die Hartebeestfontein 118-skool gesentraliseer[3].

Motorvervoer en sentralisasie het veld gewen, en in die middel van 1934 was die volgende skole reeds met behulp van motorvervoer gesentraliseer[4]:

| Skool gesluit: | Geamalgameer met: |
|---|---|
| Bultfontein 120 | Hekpoort 122. |
| New Thorndale | Hekpoort 122. |
| Nooitgedacht 121 | Hartebeestfontein 118. |
| De Pan | Rodora. |
| Sterkfontein 68 | Kromdraai 71. |
| Brandvlei 21 | Elandsvlei 23. |

Die vervoerskemas is op 'n bevredigende wyse uitgevoer en het tot groot voordeel en vooruitgang van die plattelandse onderwys gestrek. Die ouers was tevrede, die kinders het meer gereeld skool toe gekom, was minder vermoeid

---

1. Nooitgedachtskool: Skoolblad 1951, 3 - 5.
2. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 27.6.'30.
3. Meegedeel deur F.J. Kloppers.
   ook Hartebeestfontein 118-skool, Joernaalinskrywing.
4. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 26.6.'34.

en het beter gevorder ; terwyl die onderwysers hul werk met meer moed en lus aangepak het, omdat hul minder groepe gelyktydig moes behartig. Die Administrasie het heelwat gebaat daar besparings teweeggebring is deur vermindering van onderwysers en gereelder skoolbesoek deur leerlinge[1].

Die Witwatersbergse Skoolraad het in Februarie 1930 'n definitiewe sentralisasiebeleid neergelê en sedertdien daarin geslaag om die Administrasie te oortuig van die wenslikheid en uitvoerbaarheid van motorvervoer met die oog op sentralisasie.

Eers sedert 1935 het sentralisasie in die hele provinsie sterk op die voorgrond getree. Op 1 April 1936 het die Administrateur die sentralisasiebeleid voor die Provinsiale Raad met sukses bepleit, en op 5 Mei van dieselfde jaar het 'n kongres van skoolrade wat op Pretoria gehou is dit unaniem goedgekeur. Met sentralisasie wou die Departement van Onderwys doeltreffender en meer ekonomiese onderwys daarstel deur die opbou van groot skole op min of meer sentraal geleë plekke in 'n bepaalde omgewing.

Sentralisasie het geskied deur middel van motorvervoer, koshuise of motorvervoer en koshuise[2]. In die skoolraadsgebied Witwatersberg is by geen primêre skool 'n koshuis gebou nie en is slegs die Bekker-skoolplaas van koshuisakkomodasie voorsien.

In die periode Junie 1934 tot Mei 1937 is die volgende skole gesentraliseer[3]:

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1933, 71.
   Ibid., 1936, 162 - 164.
2. Ibid., 1938, 11.
3. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 25.6.'37. Rapport van die voorsitter M.H.O. Kloppers, 28.5.'37.

| Skool gesluit: | Geamalgameer met: |
|---|---|
| Hartebeesthoek 116 | Skeerpoort (distrik Pretoria). |
| Hillside 110 | Steenkoppies 101. |
| Holfontein 35 | Rodora 39. |
| Doornkloof 103 | Boschfontein (distrik Rustenburg). |

Later is ook nog Luipaardsvlei 10 gesluit en oorgeplaas na Wheatlands en Zeekoehoek geamalgameer met die Bekker-skoolplaas[1].

Sentralisasie het in hierdie distrik 'n verdere stoot gekry toe die Skoolraad in 1938 die volgende sentralisasievoorstelle van buite-inspekteur R.S. Ferreira aanvaar het en mettertyd uitgevoer het[2]:

| Skool gesluit: | Geamalgameer met: |
|---|---|
| Koesterfontein | Magaliesburg (die ou Steenkoppies skool). |
| Bloubank | Ventersposr. |
| Doornkop | Roodepoort A.M. |
| Hartebeestfontein 118 | Hekpoort. |
| Knoppieslaagte (distrik Pretoria) | Nooitgedacht 88. |

Onderstaande vergelykende tabel toon aan hoe deur middel van sentralisasie 'n groter aantal leerlinge in 'n kleiner aantal skole deur 'n kleiner personeel onderrig is[3].

| | Aantal leerlinge | Aantal skole | Aantal onderwysers. |
|---|---|---|---|
| Einde 1934 | 1867 | 26 | 77 |
| Einde 1937 | 1925 | 21 | 79 |
| Einde 1938 | 2098 | 18 | 80 |
| Einde 1939 | 2152 | 17 | 75 |

Sentralisasie is in die Witwatersbergse Skoolraadsgebied moontlik gemaak deur motorvervoer. Teen die einde

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 27.8.'37.
2. Ibid., 24.6.'38.
3. T.O.D. Jaarverslag 1938, 12.

van 1939 het die Raad beheer gehad oor die volgende vervoerskemas in die distrik[1]:

| S k e m a | Aantal kinders vervoer | Kontantprys per dag | Totale koste vir 1939 | Enkelroeteafstand in myle |
|---|---|---|---|---|
| Diepsloot-Nooitgedacht | 136 | £2.13.0 | £530 | 17.5 |
| Knoppieslaagte-Nooitgedacht | 40 | 1. 5.0 | 250 | 16.5 |
| Swartkop-Muldersdrift | 50 | 1. 7.0 | 270 | 14.5 |
| Nooitgedacht-Hartebeestfontein | 38 | 1. 4.8 | 247 | 11.0 |
| Wildfontein-Rodora | 45 | 1.13.0 | 330 | 16.4 |
| New Thorndale-Hekpoort | 100 | 1.17.0 | 370 | 12.8 |
| Danielskuil-Kromdraai | 40 | 1.13.6 | 335 | 17.7 |
| Brandvlei-Elandsvlei | 50 | 1.17.6 | | 19.5 |
| Hillside-Magaliesburg | 30 | 1. 5.0 | 250 | 11 |
| Koesterfontein-Magaliesburg | 49 | 1. 5.0 | 250 | 10.5 |
| Broederstroom-Roodewal | 66 | 1.10.0 | 300 | 15.0 |

(iv) Konferensies.

Die Witwatersbergse Skoolraad het groot waarde geheg aan Skoolraadskonferensies en het byvoorbeeld dertien beskrywingspunte op die agenda van die vyfde konferensie geplaas. Hierdie beskrywingspunte bewys dat die Skoolraad die onderwys van die plattelandse kind op die hart gedra het[2].

(v) Skoolbesoek.

Die Witwatersbergse Skoolraad het in 1908 'n skoolbesoekbeampte benoem wat moes toesien dat kinders van skoolgaande ouderdom die skool gereeld besoek[3]. Dit was selde nodig om die wet op verpligte skoolbesoek toe te pas, en in 1923 is die dienste van E. Nel as skoolbesoekbeampte beëindig[4]. Later het die Departement van Onderwys M.C. Hoffman weer in die pos benoem, nieteenstaande die Skool-

1. T.O.D. Jaarverslag 1939, Bylae X11.
2. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 9.1.'20.
3. Ibid., 28.10.'08.
4. Ibid., 29.6.'23.

raad so 'n betrekking op die platteland as onnodig en slegs as 'n verkwisting van publieke geld beskou het[1].

Waar skole binne bereik was, is geen moeite ondervind om die kinders die skool te laat besoek nie. Die belangstelling van ouers in die opvoeding van hulle kinders het toegeneem, die skoolbesoek was gereeld en al hoe meer aansoeke vir hoërskoolbeurse is ontvang[2].

Om te voorkom dat leerlinge die skool te vroeg verlaat het A.H. Heunis in 1919 voorgestel dat by die Departement van Onderwys daarop aangedring word dat

> „gedwongen onderwijs verhoogd moet worden tot Standaard Vl of het ouderdom van 16 jaren"[3].

(vi) Medium van onderrig.

Alle skole onder die Witwatersbergse Skoolraad was aanvanklik Hollandsmediumskole, wat volgens die Smuts-wet moedertaalonderwys, d.w.s. Hollands, kon gee tot standerd 3. Bevordering van leerlinge in die skole was egter afhanklik gestel van bevredigende vordering in die Engelse taal. Na standerd 3 kon hoogstens twee vakke, uitgesonderd Bybelgeskiedenis en Hollands as vak, met verlof van die Direkteur van Onderwys op aanbeveling van die Skoolraad deur medium van Hollands onderrig word[4]. Verskillende skole het aansoek gedoen en van die Skoolraad toestemming verkry om vaderlandse geskiedenis na standerd 3 deur Hollandsmedium te onderrig[5].

---

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 28.3.'29.
2. T.O.D. Jaarverslag 1912, 238 - 241.
3. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 29.8.'19.
4. T.O.D. Jaarverslag 1908, 152. Rautenbach: „Die Moedertaalskool", 10. Referaat in Die behoud van die Afrikaanse Skole.
5. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 29.4.'08, 26.9.'08, 27.10.'10. Toestemming aan Bultfontein, Roodewal en Muldersdrift.

Ten einde die taalkennis van hulle leerlinge te bevorder het verskillende skole leerlinge ingeskryf vir die Taalbondeksamen en sulke goeie resultate behaal dat die Skoolraad hulle bedank en die Direkteur van Onderwys versoek het om die onderwysers daarvoor te beloon[1].

Vanaf 1917 is Afrikaans geleidelik ingevoer as medium van onderrig[2] en dit het teen 1922 finaal die Hollandse taalvesting verower[3]. Die Skoolraad het Afrikaans sover moontlik bevorder, sy taalregte gehandhaaf en onder andere in 1921 versoek dat inspeksierapporte net in Afrikaans aan hom verskaf sou word[4].

3. Inspeksie.

a) Inspekteur vir Hollands.

Die Regering het vier inspekteurs vir Hollands aangestel, wie se pligte dit was om alle skole te besoek en te help met die toepassing van die taalklousules in die Wet. Hulle was die here T.C. Stoffberg, H. Visscher, J.A. Dönges en W. Klooster[5]. Eersgenoemde is in 1908 benoem tot inspekteur vir Hollands vir die Witwatersbergse Skoolraadsgebied. Die plattelandse bevolking het die inspeksies van die heer Stoffberg baie gewaardeer en was uitermate in hul skik dat Hollands weer bevorder is[6].

In 1910 is die inspektoraat gereorganiseer en is die stelsel van dubbele inspeksie, naamlik aparte inspeksie in Hollands en Engels, afgeskaf en moes alle inspekteurs, uitgesonderd die op die Rand, al die werk self en alleen

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 19.1.'11. Die onderwysers van Kromdraai, Brandvlei, Muldersdrift en Hartebeestfontein is bedank vir hulle moeite.
2. T.O.D. Jaarverslag 1917, 157.
3. Basson: Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese, 70.
4. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 5.9.'21.
5. T.O.D. Jaarverslag 1908, 2.
6. Ibid., 102.

doen[1].

b) Onderwys en Skoolvakke.

(i) In 1908 kon sommige onderwysers nog net in Engels onderwys gee. By sulke skole het dan groot ontevredenheid geheers[2]. Twee jaar later was die bevinding dat die getal wat net een taal magtig was, aansienlik verminder het, omdat eentaliges uit die diens getree of verhuis het na een van die Randse skole[3].

Inspekteur Corbett het in 1908 die onderwys van Engels as minderwaardig bestempel[4]. Hy het dit moeilik gevind om die werk in die skole te veralgemeen, want hoewel sommige skole werk van 'n hoogstaande gehalte gelewer het, het daar ook nog 'n geval voorgekom waar uit die 55 leerlinge in 'n skool slegs 7 in die laer klasse kon slaag[5].

(ii) In 1910 het die onderwysers oor die algemeen met ywer gewerk, maar op enkele uitsonderings na het gebrek aan deeglikheid die aard van die onderwys gekenmerk. Hoewel komposisie in beide tale goed onderrig is, was Rekenkunde nog aan die swak kant en is Aardrykskunde en Geskiedenis nog stiefmoederlik behandel[6]. Twee jaar later is bevind dat die genoemde twee vakke nog nie voldoende aandag geniet het nie, dat resitasies nog veel te wense oorgelaat het, maar dat die vordering origens goed was[7].

(iii) 'n Ontoereikende toelaag vir boeke en skoolmateriaal het die taak van die onderwyser baie bemoeilik en die goeie vordering gestrem, maar tog is daarin geslaag om meer en meer belangstelling vir die onderwys op te wek en het dit al minder noodsaaklik geword om die wet op ver-

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 107.
2. T.O.D. Jaarverslag 1908, 102.
3. Ibid., 1909, 157.
4. Ibid., 1908, 81 - 82.
5. Ibid., 1909, 87.
6. Ibid., 1910, 158 - 159.
7. Ibid., 1912, 238 - 241.

pligte onderwys toe te pas. Na die 14de jaar, die grens van verpligte skoolbesoek, is nie meer so reikhalsend uitgesien nie en 'n groter aantal leerlinge het aansoek gedoen om beurse om 'n hoërskool te besoek. Talent was daar voldoende, maar dit het die meeste ouers aan die nodige middele ontbreek om hulle kinders te laat leer[1].

(iv) Tot die uitbreek van die Rebellie in 1914 is die werk in die skole met vrug voortgesit, maar met die uitbreek van onluste het 'n plotselinge stilstand ingetree, wat tot agteruitgang gelei het. Die skoolbesoek het met 50% gedaal, en sommige skole is selfs gesluit. Enkele onderwysers het vrywillig deelgeneem aan die kryg, terwyl ander daartoe gekommandeer is. By die staking van vyandelikhede het die onderwys spoedig tot sy normale gang teruggekeer.

(v) Weens ondoelmatige skoolgeboue en swak huisvesting was daar nog 'n gedurige verwisseling van personeel; tog is belangstelling in die onderwys opgewek, leergierigheid het toegeneem, en na die laerskool deurloop is, het baie leerlinge gretig gesoek na 'n middel om die studie te kon voortsit. Ongelukkig kon die ouers dit in die meeste gevalle nie bekostig nie en was die beskikbare beurse ontoereikend[2].

(vi) In 1917 het inspekteur F.S. Malan gevind dat in 'n aantal skole 'n goeie begin gemaak is met die invoering van Afrikaans as taal. Waar die nodige leesboekies nie verkry kon word nie, het die onderwysers met behulp van die skryfbord die saak flink aangepak[3]. In die volgende jaar het inspekteur H. Visscher gerapporteer dat die medium van onderrig in feitlik alle skole en klasse

1. T.O.D. Jaarverslag 1912, 238 - 241.
2. Ibid., 1914, 119 - 120.
3. Ibid., 1917, 157.

Afrikaans was en dat die vordering byna sonder uitsondering eenvoudig verrassend was[1].

Inspekteur J.D. Kerrich het in 1920 gevind dat Afrikaans, wat die plek ingeneem het van Hollands, 'n gunstige uitwerking gehad het op die verstandelike ontwikkeling van die kinders[2].

(vii) W.F. Schoon, wat in 1925 die inspekteur van Witwatersberg was, het gevind dat heelwat meer gedoen kon word om selfstandige lees in die huistaal aan te moedig maar dat daar nog 'n groot gebrek aan geskikte leesstof was. Baie skole het ingeteken op Die Huisgenoot en dit as aanvullende leesboek gebruik. Die vordering in Engels is gestrem, omdat 'n Engelssprekende leerling 'n uitsondering was op die platteland en die kinders behalwe in die skool nooit Engels gehoor het nie.

Die onderwys in Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurkennis was taamlik bevredigend, terwyl Sang, Teken en Gesondheidsleer meer aandag moes kry. Die onderwys in Rekenkunde was goed[3]. Twee jaar later het hy gevind dat hoewel daar vooruitgang in Afrikaans was, daar nog veel ruimte was vir verbetering. In Engels was daar groot vordering. Bybelgeskiedenis is meestal goed onderwys, Sang en Teken is verwaarloos terwyl die gehalte van die werk in die ander kulturele vakke meestal konstant gebly het. Aan sewe van die groter skole is Handwerk onderrig. In die meeste skole het die meisies Naaldwerk geleer en was die onderwys deeglik[4].

In die volgende paar jaar is aanmerklike vooruitgang gemaak met Handwerk en die aanmoediging van selfwerksaam-

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1918, 164.
2. Ibid., 1920, 148.
3. Ibid., 1925, 154 - 155.
4. Ibid., 1927, 114 115.

heid. Fröebel-metodes is meer algemeen toegepas by die kleintjies, en meer tyd is aan Teken en Kartonwerk bestee. Op Magaliesburg is daar in 1929 'n skooltentoonstelling gehou, wat 'n groot sukses was. Dit sowel as die talle skoolreise wat onderneem is, bewys dat die onderwysers hulle nie net tot hulle klaswerk beperk het nie en dat daar 'n gesonde verhouding tussen ouers, onderwysers en leerlinge bestaan het[1].

(viii) Die onderwysers wat in 1939 onder die Witwatersbergse Skoolraad werksaam was, het almal professionele sertifikate besit[2]. Goeie diens is gelewer en in die verslae van die inspekteurs van onderwys oor die laaste tien jaar wat onder beskouing is, kom geen klagtes voor nie maar word daar getuig van die ywer van onderwysers en die bevredigende wyse waarop die onderwys gevorder het.

c) Toerusting en geboue.

Die Witwatersbergse Skoolraad het nie genoeë daarmee wou neem dat daar onderskeid gemaak sou word tussen dorp- en plattelandse skole nie en het besluit

> „dat de Raad met groot spijt bemerkt het groote onderscheid dat gemaakt wordt aangaande de meubelen verschaft aan Stads scholen en dat aan District Scholen, en daar dit onderscheid nu duidelijk bewezen is geworden in opzichte van de meubelen verschaft aan de Stads School Raden en de Distrikt School Raden, weigert deze Raad uit principe de meubelen aan te nemen verschaft aan hen door de Publieke Werken Departement"[3].

Hoewel die Raad hom beywer het om beter toerusting en geboue te verkry en daar geleidelik verbetering aangebring

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1929, 61.
2. Ibid., 1939, Bylae Vlll.
3. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 27.5.'08.

is, het sommige lokale en meublement in 1910 nog aan die donker dae tien jaar voor die oorlog herinner[1]. In 1912 was 'n

> „lage, ongezolderde, slecht geventileerde, schoolvertrekje, met z'n grasdak en uitgetrapte stoffige kleivloer, waar de leerlingen dikwels saamgepakt zaten op ongemakkelike en ondoelmatig schoolbanken, waar de onderwijser zich behelpen moest zonder tafel, stoel of boekenkast, en met een zeer primitief zwartbord en andere leermiddelen"[2],

nog nie 'n rariteit nie.

Die Raad het daarin geslaag om die een na die ander goewermentsgebou opgerig te kry, sodat inspekteur W.F. Schoon in 1925 gevind het dat die geboue oor die algemeen doelmatig was. Baie van die meubels was egter nog ongeskik, want selfs banke wat erfstukke was uit die kampskole, was nog in gebruik[3]. Eers in 1939 kon inspekteurs S.R. Ackermann en H. Voss rapporteer dat 'n groot verbetering ten opsigte van meubels teweeggebring is[4].

4. <u>'n Beknopte geskiedenis van elk van die skole onder beheer van die Witwatersbergse Skoolraad, wat teen die einde van 1939 bestaan het.</u>

a) <u>Bloubank 41-skool.</u>

Op 1 Julie 1907 is 'n goewermentskool op Blaauwbank 41 geopen met P.G.P. le Roux as onderwyser[5].

Op 22 Julie 1913 is die Venterspostskool met onderwyser F.D. Changuion met Bloubankskool geamalgameer.

J.B.C. Gass het op 8 Oktober 1913 die hoof van die skool geword, wat hy gebly het tot 2 November 1915. Gass

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1910, 157.
2. Ibid., 1912, 238.
3. Ibid., 1925, 153.
4. Ibid., 1939, 121.
5. Ibid., 1908, Bylae 11.

is opgevolg deur H. le Roux Jooste, wat hoof van die tweemanskool gebly het tot die einde van 1918.

Vanaf 18 November 1918 tot die einde van daardie jaar is die skool gesluit weens die Spaanse griep. Die hoof het daagliks huisbesoek gedoen om siekes te verpleeg.

Op 9 April 1919 het J.L. v.d. Berg, die opvolger van H. le Roux Jooste, die hoofskap van die skool aanvaar. Sy assistent was D.S. Theron, wat toe reeds nege maande aan die skool werksaam was. Laasgenoemde is aan die begin van 1920 opgevolg deur F.J. Rousseau.

In die middel van 1920 het die skool 'n derde personeellid bygekry, maar twee jaar later het dit weer 'n tweemanskool geword.

Op 4 Oktober 1924 het J.L. v.d. Berg vertrek om hoof te word van Nooitgedachtskool. C.F. Crouse het op 27 Januarie 1925 hoof van die skool geword en was aan die einde van 1939 nog aan die skool verbonde[1]. Die skool het weinig vooruitgegaan en het in Desember 1939 met 66 leerlinge gesluit[2].

b) Elandsvlei 23-skool.

Die Elandsvlei 23-skool is op 28 Januarie 1908 geopen met F.J. Hamm en N. Vallentgoed as onderwysers[3].

Die sentrale skool is geopen op 26 Januarie 1911 met J.A. Kruger as hoof en mej. E.D. Theunissen as assistente in 'n nuwe gebou, wat in 1910 opgerig is. Op die openingsdag is 71 leerlinge ingeskryf.

Die eerste skoolkommissie het bestaan uit C.Viljoen (voorsitter), H. v.d. Berg, P. Oosthuizen, C. v.d. Berg, A.J. Kruger, W.D. van Deventer en G. Lewis (sekretaris).

---

1. Bloubankskool, Joernaalinskrywings.
2. Ibid., Kwartaalstaat 8.12.'39.
3. T.O.D. Jaarverslag 1908, Witwatersbergse Skoolraad: Lys van skole en onderwysers.

In 1912 en 1915 het die skool beskik oor 'n standerd 7-klas maar elke keer met net een leerling.

Tot 1920 was die skool 'n sterk driemanskool, maar die inskrywing het vinnig begin daal tot in 1931 toe die gevaar bestaan het dat dit 'n eenmanskool sou word. In 1934 is die leerlingtal weer opgeskuif na 58, toe die Brandvleiskool daarheen oorgeplaas is deur middel van motorvervoer.

Teen die einde van 1937 het J.A. Kruger uit die diens getree omdat hy die ouderdomsgrens bereik het. Hy is opgevolg deur J.J. Viljoen.

Aan die begin van 1939 is M.J. van Deventer, die huidige onderhoof van die skool, daar benoem as derde personeellid. Aan die einde van daardie jaar was daar 68 leerlinge op die rol[1].

c) Hartebeestfontein 118-skool.

Op Hartebeestfontein 118 is die eerste gesubsidieerde skool in die Krugersdorpse distrik, soos dit later was, geopen. In 1882 het L.H. Keet hier begin onderwys gee op die grond van Hermanus Potgieter.

Die skoolgebou met onderwyserswoning daaraan het kleimure en 'n grasdak gehad en kon 60 leerlinge huisves. Weens 'n daling in getalle het Keet in 1885 vertrek. Hy is in 1888 opgevolg deur M. van Liere, wat egter gou weer vertrek het. Die skooltjie is toe gesluit tot 1890, toe dit deur C.J.N. Swanepoel geopen is. Intussen het kinders van Hartebeestfontein skoolgegaan op Bultfontein by F.G.H. Wolmarans, waar eers 'n Hollander Menkveld, en later 'n landgenoot F. Haneveld, onderwys gegee het[2].

---

1. Elandsvlei 23-skool, Joernaalinskrywings.
2. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 14 - 18.

Volgens die verslae van die Superintendent van Onderwys was verskillende onderwysers in die volgende nege jaar aan die skool werksaam: D.J. de Villiers (1892), S.D.J. Jordaan (1893), A.H. Potgieter (1895), C.J.N. Swanepoel (1898).

'n Aantal van die boere het elke winter bosveld toe getrek, en die onderwyser het dikwels saamgegaan; so het die inspekteur byvoorbeeld by sy besoek in die winter van 1896 gevind dat die skool van Potgieter na die bosveld verplaas is. Die sluiting van skole het in daardie dae in die hande van die skoolkommissie berus, wat slegs die Superintendent daarvan in kennis moes stel.

Na die oorlog het Chris Swanepoel 'n C.N.O.-skool geopen in sy ou skool, wat tot in die helfte van 1907 staande gebly het[1].

Die goewermentskool op Hartebeestfontein 118 is geopen op 1 Julie 1907[2]. Die eerste permanente hoof van die skool was W.R. Riemersma, wat aan die begin van 1908 diens in die skool aanvaar het[3]. Die skool het geleidelik vooruitgegaan en aan die begin van 1909 'n driemanskool geword. Dit het toe ook beskik oor 'n standerd 7-klas. Inspekteur Corbett het in sy inspeksierapport van Mei 1909 van die hoof gesê:

> „The principal of this school is one of the best qualified, most earnest and successful teachers in the circuit".

Op 31 Oktober 1910 kon die skool sy intrek neem in 'n doeltreffende nuwe gebou wat op Hartebeestfontein 119 opgerig is. Die inskrywing het aangewas en in Mei 1911 die honderdtal oorskry.

---

1. Meegedeel deur M.H.O. Kloppers, bewoner van Hartebeestfontein 119.
2. T.O.D. Jaarverslag 1908, Witwatersbergse Skoolraad: Lys van skole.
3. Hartebeestfontein 118-skool, Joernaalinskrywing.

Toe Riemersma aan die einde van 1912 die skool verlaat het, was Hollands reeds die medium van onderrig en was die skool die kultuursentrum van die omgewing. Die koor en orkes wat hy in die lewe geroep het, het baie jare daarna die kultuurvaandel hoog gehou.

In Julie 1913 het A. Bosua die hoof geword en dit gebly totdat hy vier-en-twintig jaar later met pensioen uit die diens getree het.

In 1916 het die skool 'n viermanskool geword. F.G. Lutz, F.A. Retief en mej. C.M. Joubert was toe die assistente van die skool.

Weens die griepepidemie moes die skool vir die vierde kwartaal 1918 sluit.

Byna die helfte van die leerlinge is per transportwa na die skool vervoer. In 1918, byvoorbeeld, is die volgende beurse uitbetaal:

| Kwartaal | Vervoerbeurse | | Losiesbeurse | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal leerlinge | Bedrag | Aantal leerlinge | Bedrag |
| 1ste | 58 | £32. 7.6 | 2 | £2.13.6 |
| 2de | 55 | 55.11.1 | 4 | 5.16.3 |
| 3de | 57 | 43. 1.2 | 2 | 3. 6.9 |

In Januarie 1919 is 'n houtwerksentrum aan die skool begin, waar instrukteur B.J. Pienaar houtwerkklasse gegee het.

Die skool het vanaf 1917 tot April 1927, toe die Nooitgedacht 121-skool geopen is, 'n inskrywing van 120 tot 130 gehandhaaf; daarna het die inskrywing gedaal tot ongeveer 70, totdat die Nooitgedachtskool op 28 Julie 1931 daarmee geamalgameer het, waarna die inskrywing weer gestyg het tot 110. Mettertyd het daar weer 'n daling in getalle plaasgevind en moes die vierde personeellid vertrek.

F.J. Kloppers, die hoof van Nooitgedachtskool en assistent aan hierdie skool sedert die sentralisasie, het Bosua opgevolg as hoof. Aan die einde van 1939 was daar honderd

kinders in die skool en was F.J. Kloppers, C.F. van Rensburg en mej. A.E. Heydenreich aan die skool werksaam.

Die skool het heelwat aandag bestee aan landbou-onderrig en verskillende pryse op die landboutentoonstellings op Pretoria verower.

In die klaskamers is goeie werk gedoen, en 'n hoë persentasie kandidate het die Laerskoolsertifikaateksamen met goeie gevolg afgelê. Van die 88 kandidate wat tot aan die einde van 1930 ingeskryf is, het daar 80 geslaag.

Houtwerk, Kartonwerk en Naaldwerk is goed onderrig en daar is dikwels uitstallings van die skoolwerk in die skool gehou. Liggaamsoefeninge is deeglik onderwys, en buite skoolure is heelwat tyd aan georganiseerde sport bestee.

Die orkes en koor wat deur Riemersma gestig is en onder leiding van Bosua en Kloppers voortbestaan het, het gereeld by debatsverenigings, kerkdienste en Dingaansfeeste opgetree. Die skool was die sentrum waar jonk en oud gereeld byeengekom het. Geen wonder dan dat daar heftig geprotesteer is toe die sentralisasiebeampte voorgestel het om die skool na Hekpoort te sentraliseer nie[1].

d) Hekpoortskool.

Hekpoort was een van die eerste plase wat geokkupeer is in die distrik Krugersdorp, soos dit later was, deur trekkers wat saam met die trekleier Hendrik Potgieter Transvaal binnegetrek het[2]. In die tagtiger jare was hierdie groot plaas al taamlik dig bevolk en het die bewoners saamgestaan om 'n skool op te rig. Die eerste skooltjie op hierdie plaas wat 'n subsidie van die Staat ontvang het, was die een van P.G.W. du Plessis wat in Januarie 1885 geopen is. Sy skoolkommissielede was Casper Kruger, Gert

---

1. Hartebeestfontein 118-skool, Joernaalinskrywings. ook Meegedeel deur F.J. Kloppers.
2. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 10.

Kruger, Teuwes Kruger, Willem Kruger en Fanie Potgieter (of Theunis Erasmus)[1]. Op 15 April 1886 is die skool vir die eerste keer geïnspekteer[2].

In 1888 was Du Plessis nie meer op Hekpoort nie maar is daar twee skooltjies aangetref, naamlik die van B.C. Lottering en D.G. Steyn[3]. Die skooltjie van Steyn het nie lank bestaan nie want in 1890 was net die een van Lottering oor[4]. Lottering wat tot 1893 aan die skool werksaam was, is in 1894 opgevolg deur J. Vegter. Voor die uitbreek van die oorlog was D.J. de Villiers, J.D. Bosman, P.J. Pelser en J. van Harn agtereenvolgens hoofde van die skool[5]. Na die aanvang van vyandelikhede het Van Harn op kommando gegaan. F. van Binnendyk het daar skoolgehou van Januarie tot April 1901 toe hy gevange geneem is en na die konsentrasiekamp op Krugersdorp gestuur is[6].

In Januarie 1903 het N.J. Grobler 'n goewermentskool in twee markeetente geopen[7]; die een was op Hekpoort opgeslaan en die ander een op Hartebeestfontein, waar eers mej. Coleman en later mej. Edenborough onderwys gegee het. Die distrikshoofonderwyser, Harry Freeman, het die twee tentklasse as een skool beskou[8].

Hekpoort het sy eerste goewermentsgebou in 1904 gekry. Die twee tentskole is toe verenig. Weens die afstande het vervoer nodig geword en is daar in 1905 muilwaens in diens geneem om die leerlinge te vervoer[9].

---

1. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 19.
2. Verslag Superintendent van Onderwys 1886, 91.
3. Ibid., 1888, Wyk Hogeveld.
4. Ibid., 1890, 29.
5. Ibid., 1894 - 1898.
6. Vriendenkring: Brieweboek, 63.
7. T.O.D. Jaarverslag 1903, Bylae A.
   ook Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 81 - 82.
8. Bekker; a.w., 82.
9. Ibid., 85.

As gevolg van die C.N.O.-skole in die Moot kon die goewermentskool maar nie bloei nie[1].

In 1909 is N.J. Grobler opgevolg deur A.H. Jones, wat aan die einde van 1939 nog die hoof van die skool was. Onder sy leiding het die skool baie goeie werk gelewer.

In die beginjare van die goewermentskool het verskillende ingevoerde Engelse dames daar skoolgehou. Name soos Culhane, Edenborough, Coleman, Ferris, Jennings, Corbett en Medhurst kom in die skooljoernaal voor.

Na die sluiting van die C.N.O.-skole het die inskrywing geleidelik gegroei en reeds in 1915 die honderdtal oortref. In 1933 het die inskrywing die 200-merk oorskry en in 1934 die hoogtepunt met 259 op die rol bereik.

Die Mootbewoners was nie tevrede met net die standerd 7-klasse alleen wat by verskillende skole toegelaat is nie, en het in 1919 met 'n petisie by die Raad aangedring op 'n hoërskool op Hekpoort[2]. Hoewel 'n hoërskool nie verkry kon word nie, het die skool tog van 1934 tot 1939 oor standerd 7- en 8-klasse beskik[3].

In 1932 is die New Thorndale- en in 1933 die Bultfonteinskool deur middel van motorvervoer by hierdie skool gesentraliseer[4]. Die euwel van transport is uit die weg geruim omdat skoolbusvervoer sneller en gemakliker was en die kinders beskerm was teen wind en weer.

e) Kocksoordskool[5].

Hoewel die dorpie Kocksoord reeds in 1896 uitgemeet is, is daar eers op 2 Mei 1905 'n skool geopen. Die

---

1. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 86.
2. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 29.7.'19.
3. Bekker: a.w., 101 - 102.
4. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 26.6.'34.
5. Snyman: 'n Kort geskiedenis van Randfontein en distrik, 44 - 45.

skooltjie is met 23 leerlinge begin deur mej. A.M. White, wat toe net uit Engeland hier aangekom het. As skoolgebou is gebruik 'n gebou wat voorheen gedien het as poskantoor, kantoor en woonhuis van die Mynkommissaris en personeel. Aan die einde van 1939 was die skool nog in hierdie gebou gehuisves.

Weens die daling in leerlingtal is die skool op 12 April 1906 gesluit en eers weer in 1907 geopen deur F. Kruger, wat tot 1923 die hoof gebly het. Kruger is opgevolg deur P.A. Stoffberg, wat weer in 1925 opgevolg is deur G.P. Oosthuizen. Die heer Oosthuizen is in 1926 oorlede. Op 26 Julie 1927 het P.S. van der Merwe, die huidige hoof, die skool oorgeneem, onder wie se leiding die inskrywing van 73 tot 175 aangewas het[1].

f) <u>Kromdraai 71-skool</u>[2].

In die Republikeinse tydperk is daar skynbaar nie veel onderwys op Kromdraai gegee nie. In die Superintendentsverslae kom die naam slegs twee keer voor, naamlik in 1899, toe J. van der Werfft vir 'n rukkie daar skoolgehou het, en in 1892 toe G.P. van der Broeck die onderwyser was.

Op 12 April 1904 het E.A. Doman die huidige skool geopen. Die hoof was nie bekwaam om klasse in Hollands te gee nie en het op 4 Mei in die skooljoernaal aangeteken dat mej. Robinson vertrek het, en „so Dutch is not taught in the school". In Junie 1904 is mej. S.J. Pretorius benoem tot assistente en kon Hollands weer onderrig word.

Aan die begin van 1905 het M.K. Edenborough hoof van die skool geword maar het dit net gebly tot aan die begin van November, toe R. Beattie oorgeneem het, maar sy verblyf was van korte duur, want aan die begin van 1906 het

1. Kocksoordskool, Kwartaalstaat 8 Desember 1939.
2. Kromdraaiskool, Joernaalinskrywings.

E. Maas die hoof van die skool geword.

Die skoolgebou was in 'n swak toestand. Op 15 Januarie 1908 het twee lede van die Witwatersbergse Skoolraad die skoolgebou geïnspekteer en opdrag gegee „not to reopen the school on the 21st of January but to keep closed till later notice". Maas is verplaas en die skool het gesluit gebly tot 2 November 1908, toe E.J. du T. Marais dit met 51 leerlinge in 'n nuwe gebou heropen het.

In 1908 het die skool geopen met 'n inskrywing van 80 en het mej. A.M. Theron en B. Radloff die personeel aangevul. Die onderwysers het goeie werk gedoen, want inspekteur Corbett het aan die einde van daardie jaar net drie van die 81 leerlinge nie bevorder nie.

Vanaf 24 Maart 1910 is die skooljoernaal in Hollands bygehou.

Op 7 April 1922 het Marais vertrek en moes die assistente, mej. M.I. Nelson alleen voortgaan. Aan die begin van 1924 het P.J. Retief die hoof van die skool geword en het D.J. Redlinghuys, die huidige onderhoof van die skool, 'n assistentspos aanvaar. Die inskrywing het geleidelik aangewas tot 116. In 1934 is twee klaskamers aangebou. D.J. Engela het toe die personeel aangevul.

In 1937 is W.A. Erasmus en mej. M. Stander aan die skool benoem.

Aan die einde van 1939 was daar vier onderwysers(esse) op die personeel en 106 leerlinge op die registers.

g) Magaliesburgskool.

Die Magaliesburgskool het sedert sy stigting onder drie name bekend gestaan, naamlik Steenkoppies (ook genoem Stenekopjes of Steenkopjes), Blaauwbank 104 en Magaliesburg. In die Republikeinse dae was die skool op Stenekopjes; na die oorlog het dit op Blaauwbank geopen en is toe weer na Steenkoppies 101 verskuif. In 1938 is die

Steenkoppiesskool verdoop tot Magaliesburgskool[1].

'n Gesubsidieerde skool is op 1 Oktober 1890 op Steenkoppies geopen met D.J. de Villiers as onderwyser[2]. Die onderwyser het taamlik rondgetrek: in 1892 was hy op Hartebeestfontein maar in 1893 weer terug op Steenkoppies. Vanaf 1896 tot 1898 was hy voortdurend op Steenkoppies werksaam[3].

'n Goewermentskool is aan die begin van 1904 op Blaauwbank 104 geopen met mej. Moir as onderwyseres. Sy is in Mei opgevolg deur mej. A.E. Freeman, wat weer enige maande later deur mej. Coetzee opgevolg is. Harry Freeman, die distrikshoofonderwyser, het die eerste inskrywings in die skooljoernaal gedoen. In 1905 was J. Botes die hoof van die skool[4]. Hy is in 1906 opgevolg deur J.J. Smeer[5], wat tot in 1927 aan die skool werksaam was en onder wie se leiding die skool 'n bloeiperiode deurleef het. Hy het H. van Putten as assistent gehad, wat tot die einde van 1924 daar onderwys gegee het[6]. Beide was Hollandse onderwysers uit die Republikeinse tydperk, en derhalwe was die skool Hollands georiënteerd.

In Augustus 1907 is die nuwe Blaauwbankskool geopen[7]. In 1909 was die inskrywing van die skool reeds oor die honderd, en drie jaar later het dit tot 140 gestyg. 'n Standerd 7-klas het met tussenposes voortbestaan van 1909 tot 1923[8].

In 1913 is 'n nuwe skoolgebou opgerig op Steenkoppies

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 29.4.'38.
2. Verslag Superintendent van Onderwys 1890, 369.
3. Ibid., 1896 - 1898: Lys van skole en onderwysers.
4. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 80.
5. T.O.D. Jaarverslag 1906, 237.
6. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 26.9.'24.
7. The Krugersdorp Standard, 3.8.'07.
8. Bekker: a.w., 172.

en is die Blaauwbankskool verdoop tot Steenkoppiesskool[1]. Die skool het terselfdertyd 'n houtwerksentrum gekry.

Smeer is opgevolg deur D.A. Muller, wat aan die einde van 1939 nog die hoof van die skool was.

Deur die jare heen is in die skool baie goeie werk gedoen. Buite skoolure was die skool 'n sentrum vir kulturele bedrywighede.

In 1929 is 'n tentoonstelling van skoolwerk van die Witwatersbergse skole in die skool gehou, en in 1938 is tydens die besoek van die Ossewaens 'n groot fees by die skool gehou.

In 1935 is die Hillside- en in 1938 die Koesterfonteinskool by die skool gesentraliseer[2], wat die inskrywing heelwat verhoog het. Aan die einde van 1939 was daar 184 leerlinge op die rol en ses onderwysers(esse) aan die skool werksaam[3].

h) Meadowlandsskool.

In 1927 is 'n skool geopen op die dorpie Meadowlands, wat op 'n gedeelte van die plaas Vogelstruisfontein 62 uitgemeet is. Teen die einde van die stigtingsjaar was daar 40 leerlinge in die skool onder D.J. Engela[4].

Die tydelike gebou waarin die skool gehuisves was en wat besonder ongeskik vir die doel was, het teen die einde van 1929 afgebrand met alles wat daarin was. Daar moes toe in 'n koeistal skoolgehou word.

Die privaatgebou waarin Engela en mej. M. Taylor vanaf die begin van 1930 skoolgehou het, was ook nog ongeskik:

---

1. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 113.
2. Meegedeel deur D.A. Muller.
   ook Notule Witwatersbergse Skoolraad, 24.6.'38.
3. Magaliesburgskool, Kwartaalstaat 8.12.'39.
4. T.O.D. Jaarverslag 1927, 113.

dit was beknop en sonder plafon. Aan die begin van 1932 is 'n nuwe privaatgebou, wat 'n groot verbetering was op die vorige in gebruik geneem en het onderwysers en leerlinge met meer lus gewerk.

Die inskrywing het in 1933 so vermeerder dat die skool in graad verhoog is. Engela is aan die einde van daardie jaar verplaas na Kromdraai, en H.J. van Broekhuizen het die hoof van die IVA-skool geword. In 1935 het die getalle toegeneem tot 65. Die geboutjie het heeltemal te klein geword en die inspekteur van onderwys het daarop aangedring dat 'n nuwe gebou opgerig moes word.

Op 'n stuk grond van ongeveer 13 acres groot is daar 'n Knapp-skoolgebou met drie klaskamers en 'n onderwyserswoning opgerig. Op 20 Januarie 1936 is die nuwe skoolgebou in gebruik geneem, 'n derde personeellid is benoem, en daar is hard aan die werk gespring om blomtuine uit te lê, sierbome te plant en 'n korfbal- en voetbalveld uit te meet[1].

Teen die einde van daardie jaar was daar 93 leerlinge en het die personeel bestaan uit H.J. van Broekhuizen, G.J. van Zyl en mej. A. Howell[2].

i) <u>Muldersdriftskool</u>[3].

Die sentrale skool Muldersdrift is op 20 Julie 1909 geopen, met J.F. du Toit as waarnemende hoof en mej. M.E. Rabie as assistente. Die 48 leerlinge wat gedurende die eerste week ingeskryf is, het voorheen die Rietvlei 89-skool, waar J.F. du Toit die hoof was, en die Driefontein 81-skool besoek.

Op 6 Oktober 1909 het 'n Hollander, A. van Haaften, hoof van die skool geword. Du Toit het assistent geword

1. Meadowlandsskool, Joernaalinskrywings.
2. Ibid., Kwartaalstaat 8.12.1936.
3. Muldersdriftskool

en dit gebly totdat hy die ouderdomsgrens bereik het.

Ongeveer 30 leerlinge het buite loopafstand van die skool gewoon en is per transportwaens daarheen vervoer.

Die leerlingtal het aangewas: in 1911 is die honderdtal oorskry en mej. M.M. te Water is benoem tot vierde personeellid. Uit die inspeksierapport van daardie jaar blyk dat jong mans van bo die twintig jaar ook nog op die skoolbanke gesit het. Die personeel het die kinders tot na-primêre onderwys aangemoedig en van 1911 tot 1920 voorsiening gemaak vir 'n standerd 7-klas.

Van Haaften, wat aan die einde van 1912 vertrek het, is opgevolg deur W.R. Riemersma. Laasgenoemde het met die opening van die hoërskool op Krugersdorp assistent aan dié skool geword en is as hoof opgevolg deur C. Kooy, wat aan die einde van 1939 nog prinsipaal aan die skool was.

Met die sluiting van die private skooltjie op Rietfontein, aan die begin van 1916, het die leerlingtal gestyg tot 133. Nog steeds was daar vooruitgang, want in September 1922 het die leerlingtal tot 152 aangewas.

Met die opening van die Nooitgedachtskool het die inskrywing begin afneem en geleidelik gedaal tot aan die einde van 1939, toe daar nog maar 89 in die skool was.

Op 26 Julie 1918 het E. Green die eerste houtwerkklas by die skool waargeneem. Tot aan die einde van 1939 is die klasse gereeld deur 'n houtwerkinstrukteur gegee.

Die ongerieflike transportwa is ook op Muldersdrift vervang met motorvervoer. Die motorbus wat vanaf Swartkop geloop het, het ongeveer 50 leerlinge na die skool vervoer.

j) Nooitgedacht 88-skool .

Die Nooitgedacht 88-skool het op 22 Julie 1924 geopen met 83 leerlinge op die rol. Aan die einde van die vorige kwartaal is die Nietgedacht 91-skool na 'n bestaan van ongeveer 20 jaar gesluit. Die skoolgebou en onderwyserswoning van Nietgedacht was in so 'n swak toestand dat daarin nie voortgegaan kon word nie. Aangesien daar gebou moes word, is besluit om die gebou op Nooitgedacht 88 op te rig, wat meer sentraal geleë is.

Toe J.L. van der Berg op 7 Oktober 1924 hoof van die skool geword het, het hy H.G. Stopforth en mej. Norden tot hulp gehad. Die inskrywing het vinnig vermeerder. By die sluitingsjaar was daar reeds 124 kinders in die skool en twee jaar later 140. Aan die einde van 1939 was daar 200 leerlinge op die rol en ses onderwysers op die personeel.

Op 1 Junie 1925 het die skool sy eerste skoolsport gehou. Sedertdien was daar jaarliks op 31 Mei 'n sportdag by die skool, wat gewoonlik goed ondersteun is.

In Junie 1926 is 'n aanvang met houtwerkklasse gemaak.

'n Groot aantal leerlinge is na die skool vervoer. Aanvanklik het dit met donkiewaens en -karretjies geskied, omdat die ouers al hulle beeste verloor het as gevolg van ooskuskoors. Die skoolhoof het later met 'n toelae van 'n trippens per kind per dag motorvervoer ingestel, wat egter nie 'n groot sukses was nie, omdat 'n goeie voertuig nie bekostig kon word nie. Op 10 Oktober 1929 is 'n Departementele busvervoerskema ingestel en is byna alle donkies afgeskaf. In 1937 het 'n tweede bus begin loop.

In 1927 is 'n paar duisend sierbome aangeplant en 'n skooltuin uitgelê om die kaal bult te verfraai. As gevolg van skade wat deur miere aangerig is, is daar slegs 'n klein aantal van die bome oor, wat nou as sierade by die skool pryk.

Die skool het in 1933 bekenheid verwerf, toe dit moderne speelgeriewe aangebring het. 'n Glybaan, rondomtalie, skoppelmaaie en so meer is op die skoolgronde aangebring, waar die kinders hulle na hartelus kon vermaak. 'n Tennisbaan en swembad is gebou en korfbalvelde en 'n voetbalveld is uitgemeet. In 1936 is die hoof gevra om 'n model van sy skoolterrein vir die Rykstentoonstelling in Johannesburg te maak.

In November 1939 het die skool sy eerste rolprentvertoning met sy eie projektor gegee[1].

k) Rodoraskool[2].

Die Doornfontein 39-skool wat op 24 Januarie 1911 met 41 leerlinge onder P.J. Rousseau met mej. Olivier as assistente geopen is, is sedert 1926 Rodoraskool genoem.

In Oktober 1915 was daar 76 leerlinge op die rol en is 'n derde leerkrag benoem.

In 1918 is De Pan- en Elandsfonteinskole van die skool afgestig, maar in 1928 is die Elandsfonteinskool en in 1931 die De Panskool gesluit en die leerlinge weer na Rodora oorgeplaas. Die leerlinge is met esels en 'n ossewa na die skool vervoer, totdat hierdie ondoeltreffende vervoermiddels met motorvervoer vervang is.

P.J. Rousseau is op 7 Augustus 1930 oorlede. De V. Smeer het tydelik waargeneem, totdat J.S. Burger op 20 Januarie 1931 diens aanvaar het as hoof. Aan die einde van 1936 het Burger vertrek. Aan die begin van 1937 is Holfonteinskool met hoof M.H.O. Kloppers oorgeplaas na die skool. Aan die einde van 1939 was dit 'n driemanskool met 83 leerlinge op die rol.

1. Nooitgedacht 88-skool, Joernaalinskrywings.
   Ibid., Skoolblad 1951.
2. Snyman: 'n Kort geskiedenis van Randfontein en die Rodoraskool, Kwartaalstaat 8.12.'39.

1) Roodewal 86-skool[1].

Op 26 Januarie 1904 het H.A. Marshall die Roodewalskool in 'n skooltent geopen. Op die openingsdag is net 11 leerlinge ingeskryf, maar 'n paar dae later was daar 25 op die rol.

Op 10 Februarie het H. Freeman, die distrikshoofonderwyser, die skool besoek. Daar is toe gereel dat mej. S. Hoffman 'n uur per dag onderwys in Hollands sou gee. In April het die inskrywing aangewas tot 45; J. Bouwer het toe mej. Hoffman se plek geneem en anderhalfuur per dag les in Hollands gegee.

In September van die stigtingsjaar het die wind die skooltent aan flenters geskeur en is daar toe inderhaas 'n skoolgebou opgerig.

Op 14 Februarie 1906 het die ouers die eerste skoolkommissie gekies, wat bestaan het uit H.W. Kok (voorsitter), J. Kok, C. Nagel en W. Bouwer. T. Charter, die waarnemende hoof, het opgetree as sekretaris.

Die pos van Marshall, wat aan die einde van die twee kwartaal 1905 vertrek het, is gevul deur F.P. Coetzee, wat van 24 April 1906 tot 27 Junie 1907 daar werksaam was en beide tale onderrig het. Sy twee opvolgers, De Smidt en C.A. van der Merwe, kon dit nie lank daar uithou nie, veral omdat die onderwyserswoning en skoolgebou in 'n baie swak toestand was.

Op 18 Januarie 1910 het I.J. Haarhoff die hoof geword en dit gebly tot op 26 Maart 1920.

Die nuwe sentrale skool op Roodewal is geopen op 31 Januarie 1910. Op 21 April van daardie jaar is dit weens 'n aansteeklike siekte vir ses weke gesluit. Op las van die distriksgeneesheer is al die boeke verbrand en die skool uitgerook.

---

1. Roodewal 86-skool, Joernaalinskrywings.

Op 7 April 1920 het H.A. Buccoli hoof geword en dit gebly tot in Mei 1923, toe hy oorlede is. Sy opvolger was T. Mulder, wat aan die begin van 1924 werksaamhede aanvaar het.

In 1928 het dit 'n tweemanskool geword. Aan die einde van daardie jaar het Mulder vertrek en is opgevolg deur A. Barnard. Die inskrywing het weer gestyg tot 71, en die personeel is aangevul met C. Bronkhorst. In 1931 het dit egter weer 'n tweemanskool geword.

Die skool het goeie resultate gelewer en aan die begin van 1935 'n gelukwensing van die Skoolraad ontvang omdat daar ses jaar lank geen leerling in standerd ses gedruip het nie.

In 1936 het Barnard vertrek en is opgevolg deur F.G. le Roux, wat aan die einde van 1939 nog die hoof was.

Nadat die Broederstroomskool in Oktober 1937 deur middel van busvervoer, met die skool geamalgameer is, het die inskrywing geleidelik vermeerder. Op 8 Desember 1939 was daar 114 kinders op die rol en vier onderwysers op die personeel.

m) Venterspostskool.

Op 28 April 1908 is 'n skool op Venterspost geopen met F.D. Chanquion as onderwyser[1]. In die middel van 1913 is die skool gesluit toe dit met Bloubankskool geamalgameer het[2].

Weens die uitbreiding van mynbedrywighede op die Wes-Rand in die laat dertiger jare was daar so 'n bevolkingsaanwas in die Venterspost omgewing dat daar 'n skool geopen moes word.

Die „Venterspost Dual Medium School" is op 17 Januarie 1938 deur L. Perry geopen in kantore van die „Venterspost

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1908, Bylae 11.
2. Venterspostskool, Joernaalinskrywings 1912 - 1913.

Gold Mining Co."[1]. Vyf-en-sestig leerlinge is ingeskryf. Die leerlingtal het vinnig aangewas en het aan die einde 1939 reeds op 196 gestaan[2].

G.H.G. de la Bat het op 2 Augustus 1938 werksaamhede as waarnemende hoof aanvaar. Hy is later in 'n permanente hoedanigheid benoem.

'n Skoolkommissie bestaande uit die here Cooper (voorsitter), Morgan (sekretaris), Ernst, Lucas, Hiemstra, Van Graan en Olivier is deur die ouers gekies om die belange van die skool te behartig. Die Skoolkommissie, wat sy eerste vergadering op 29 Junie 1938 gehou het, het dikwels byeengekom en alles in sy vermoë gedoen om 'n skoolgebou te verkry maar het eers in 1940 daarin geslaag[3]. Op 23 November 1940 het mnr. Kreft, die Direkteur van Onderwys, die „New Westonaria"-skool geopen, waarin die Venterspostskool sy intrek geneem het[4].

n) Wheatlandsskool.

Die Wheatlandsskool is op 1 September 1937 geopen in 'n Knapp-gebou. Die 60 leerlinge wat op die openingsdag ingeskryf is, het voorheen die Randgateskool besoek. Die personeel het bestaan uit J. Balt (hoof), W.J. Krause en mej. S.M. Cordier[5].

Aan die einde van 1939 was daar 92 leerlinge op die toelatingsregister en die personeel nog onveranderd[6].

---

1. Westonariaskool, Joernaalinskrywings.
   ook Minutes Venterspost School Committee, 29.6.'38.
2. Venterspostskool, Kwartaalstaat 8.12.'39.
3. Minutes Venterspost School Committee.
4. Westonariaskool, Joernaalinskrywings.
5. Snyman: 'n Kort geskiedenis van Randfontein en distrik, 38.
6. Wheatlandsskool, Kwartaalstaat 8.12.'39.